

N.G. Kerk Fochville-Noord

April 2021

Voluit vir Christus

Met my hele hart in 2021



**P
A
A
S
T
Y
D

2
0
2
1**



Paastyd duur van Goeie Vrydag tot Pinkstersondag. Die 50 mooiste en belangrikste dae in die jaar vir Christene.

Saam met ons KIX hoor ons goeie nuus; "Jou skuld is betaal."

Die vraag is: Het jy die prys van Jesus se bloed aanvaar. Is jy al vry gekoop van die sonde? Dink asb. mooi daarvoor.

2

FAMFEST 2021 – My feestelike deel

Ons groot basaar is op **Vrydag 27 Augustus**.
Hoe hy gaan lyk sal afhang van die pandemie.
Ons gaan egter voort met die dankfees vir die Here.
Ons is baie opgewonde daarvoor.
Ons is dankbaar dat ons kan fees hou.

Ons basaar is 'n **"HARTELUS FEES"** vir die Here.

Die ouderlingspare het hulle lyste ontvang en gaan in Mei maand deur die wyke kollekteer.
Weens die Covid pandemie kan al die ouderlinge nie by elke huis persoonlik besoek aflê nie.



Hoe gaan dit werk:

1. Bid solank oor die saak. Vra die Here om julle te lei.
Hy sal vir julle wys hoe om dankie te sê vir Sy seëninge.
2. Die ouderling gaan jou/julle skakel of besoek om te vra hoeveel elkeen van julle as man (op die mannelys) en as vrou (op die vrouelys) wil bydra.
3. Die ouderling teken dit aan en gee dit aan die kantoor deur vir opvolging.
4. Indien julle nog nie weet hoeveel om te gee nie sal die ouderling julle kans geen en weer skakel.
5. Julle kan julle bydra oorbetal na die kerk se rekening.
NG Fochville-Noord
ABSA Fochville
Tak Nommer 334 437
Rek. Nommer **1610 580005**
6. Merk asb. jou oorbetalings as Basaar en jou naam.
7. Indien julle kontant wil gee sal die ouderlingspaar dit kom haal.
8. Julle kan gerus ook Handwerk, Naaldwerk, Gebak, Houtwerk, ens. gee.
9. Ons het 'n groot behoefte aan slaggoed as iemand kan gee of bydra daarvoor sal dit baie waardeer word.

Sien saam met ons uit en bid asb. vir die Dankfees van ons gemeente.

Ons wil dit so doen dat ons die Here waarlik verheerlik.

Almal moet kan sien hoe dankbaar ons is.

Nou is die Tyd...

By ons laaste kerkraadsvergadering het ons leier-diaken; Jannie de Wet verslag gedoen. Dit gaan baie goed met ons gemeente ten spyte van die pandemie wat ook op ons gemeente 'n groot invloed het. Ons dank die Here vir 'n gemeente wat bereid is om dankie te sê en dat ons rede het tot dankbaarheid.

Onthou:

Die Basaar is nie die geleentheid om jou tiende te gee nie.

Ons gee maandeliks ons dankoffers met vreugde aan die Here.

Die Famfest is egter ons geleentheid om ons ekstra dankbaarheid te toon.

Werk - Talente

Nou is die tyd om te begin as jy nog nie jou talente gebruik om iets te maak nie. Ons doel is eintlik dat elke lidmaat en kind in die gemeente iets moet maak wat jy kan bring na die Basaar toe.

Bid nou daarvoor en dink wat jy kan maak om te gee.

Dit is verskriklik lekker om iets van jouself vir die Here te kan gee.

Tel jou seëninge

Miskien is nou juis die tyd om weer jou seëninge te tel en dan te dink hoe jy vir die Here gaan dankie sê.

Watter talente het die Here vir jou gegee om nou al iets te maak met jou hande wat by ons Basaar verkoop kan word.

Watter ekstra bedrag kan jy iewers afknyp om ekstra dankie te sê.

Baie dankie vir almal in die gemeente wat al besig is om vir die Talentemark met julle talente wat die Here aan julle gegee het te werk.

Oral hoor ons en sien ons lidmate wat besig is om mooi goed te maak en bottels in te lê vir die Famfest.

Die Plaasmark en Talentemark het elkeen se handewerk baie nodig.

Dit is baie belangrik dat jy dit geniet wat jy doen...



Ons grootste diens in Covid tyd

Ons eerste ware groot diens wat ons weer kon hou in die tyd van die Covid Pandemie was heel gepas op Donderdagaand 1 April.

Dit was 'n baie mooi en spesiale geleentheid met die nagmaal op die aand voor Goeie Vrydag.

Baie dankie vir Ds. Pieter vir 'n spesiale boodskap die aand en baie dankie vir Debbie en almal wat gehelp het om die sang spesiaal te maak.



Ons kerk het pragtig gelyk. Die diakens moes plek aanwys en het bekommerd geraak dat daar nie genoeg plek gaan wees met die wat ons net elke tweede bank gebruik nie.



Een van die gesinne se foto van hulle nagmaal wat gereed gemaak is vir hulle twee.

Elke gesin en persoon moes hulle eie brood en wyn saambring aangesien ons nie saam kan eet en drink in Covid tyd nie.

Een paartjie het die foto gestuur want alles wat hulle gebruik het is artikels wat vir hulle spesiale betekenis het aangesien hulle dit in Israel saam met ons op toer gekoop het. Die kelkies is twee kelkies wat ons vir elke toerlid skenk wanneer ons saam nagmaal gebruik by die graf by Golgota.

‘n Groot dankie vir genade en liefde

Vanjaar was ek weer bevoorreg om ‘n spesiale verjaarsdag te vier. Dit was lekker en baie spesiaal want ons het op die dag van my verjaarsdag van Scottburgh af teruggekeer met die karavaan. Ek het eers die oggend al die Whatsapp boodskappe en eposse geantwoord voor ons gery het. Langs die pad het ons twee lekker koek en koffie geniet en so my verjaarsdag gevier. Dit was baie lekker dat ons twee op die dag so spesiaal langs die pad kon kuier en kon praat oor liefde en genade. Die twee woorde waarsonder geen mens kan lewe en gelukkig wees nie.

Baie dankie vir almal se mooi wense en baie dankie vir die kerkraad vir die geskenk van liefde. Die Here se genade is groot oor ons.




Famfest 2020 “Hartfees”.

Dit is amper Mei maand en die tyd wat die Ouderlinge elke huisgesin besoek met die kollektelyste waar elkeen die geleentheid kry om ‘n spesiale dankoffer vir die Here te gee in aanloop tot ons Famfest.

Tans is ons nog vasgevang in grendeltyd. Gelukkig is ons redelik seker dat ons basaar wel gaan plaasvind aan die einde van Augustus.

Ons is baie opgewonde en sien baie uit daarna om weer ons dank teenoor ons Hemelse Vader te betuig met ‘n Lofoffer uit ons “Harte”. Daar is al heelwat lidmate wat



besig is om items te maak vir die talentemark, waarvoor ons baie dankbaar is en moedig elkeen aan wat ‘n talent het om ‘n ietsie te maak. Gebruik die ekstra tyd nuttig om iets spesiaals te maak vir die basaar. Ons is opgewonde en sien baie uit na ons GROOT FEES en bid dat dit ‘n ware Christusfees sal wees uit ons harte. “n Groot Hartfees” want ons leuse is mos “Voluit vir Christus” Nic van der Werff (Leier Ouderling)

Vleismark en Famfest

Dag sê broers en susters, Hoop dit gaan goed met almal in die moeilike tyd. Ons is positief en glo en vertrou dat as dit die Here se wil is ons weer vanjaar ‘n groot Famfest kan hou. Ons weet dit is nog eers oor ‘n paar maande maar ons beplan al hard daaraan. Ek dink ons fees moet groter wees as ooit want ons wil vir die Here dankie sê dat Sy hand oor ons gemeente en omgewing is in die tyd van Covid 19. Die beplanning is om weer 10 beeste en 14 varke te bewerk. Ons nuwe resep vir die wors was ‘n treffer en ons sal daarby hou. Die sosaties bly maar ‘n treffer en ons beplan om meer te maak die jaar. Die hamburger patties het ook ‘n nuwe resep gekry en was lekker. Ons beplan ‘n paar verrassings die jaar wat julle dadelik sal sien as julle die dag ‘n draai maak by ons vleismark. Ons vra voorbidding vir die Famfest want dit vra baie hande, energie, beplanning en liefde.

Groete, Nico Muller

(Hoofsameroeper van die Vleismark)



Talentemark en Famfest

Beste gemeentelid

Ek kan nie glo dat ons alweer in basaartyd is nie. In hierdie grendeltyd het ek net weer besef... daar sal nie ‘n persoon in die gemeente wees wat sal kan sê ek het nie tyd gehad om iets te maak nie. Dit is nou die tyd om kreatief te dink en te doen. Oral is daar mense wat hard besig is om mooi items te maak. Ons benodig naaldwerk, houtwerk, staalwerk en kuns. Ons kort regtig baie hande en as elkeen iets doen dan kan ons ons doelwit haal. Kom bewys jou dankbaarheid, gebruik jou talente en daardeur verdien ons ‘n geldjie waarmee groot werk gedoen word. Dit het ewigheids waarde!

Kontak asseblief vir my Caroline by 0833260944 of Alida by 0724419665 indien julle enige iets benodig of deel julle idees.

Caroline en Alida

(Sameroepers by die Talentemark)



Plaasmark en Famfest

2021 het afgeskop met groot verwagtinge en nuwe ideale nadat ons verlede jaar tot stilstand geruk is deur die Covid 19 pandemie.

Ons is opgewonde dat ons vanjaar 'n groter FAMFEST gaan vier as verlede jaar. Met meeste hande by die huis hoop ek julle is geïnspireerd om ywerig te werk aan nuwe produkte vir ons fees. Daar is al reeds talle mense wat besig is met die lekkerste ingelege produkte, konfyte en nog vele meer vir die Plaasmark.

Kom ons hou by ons jaartema en werk met HARTELUS vir die Here om ons fees 'n sukses te maak. Baie dankie vir elke gewillige hart en hand wat elke jaar bydra tot die Plaasmark se sukses. *“Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie, omdat julle weet dat julle van die Here as beloning sal kry wat Hy belowe het. Christus is die Here in wie se diens julle staan. Kol 3:23-24”* Ankia Swart (Sameroeper by die Plaasmark)



PINKSTER 2021 “Die Gehoorsames Groei”

Die basiese waarhede van ons geloof
“Back to Basics”

Jou denke – deur God verander – verander jou. (Bybel)
 Ingeprop en aangeskakel vir groei (Gebed).
 Waardeer ons Koning! (Lofprysing/aanbidding)
 Groei sonder Gemeenskap is gans onmoontlik. (Wees saam)
 Groei en getuig; getuig en groei! (Gaan uit)
 Die Gees, gestuur om te laat groei! (Kry jou krag)



Bybel, Gebed, Kerk, Saam, Getuig

Donderdag 13 Mei – Hemelvaart

Sondag 15 Mei – Donderdag 19 Mei

Jy is baie welkom – elke aand 6 nm.

Dirk en Gerda Coetzee

Dirk en Gerda Coetzee was nie lidmate in Fochville-Noord nie.


Hulle was egter so deel van die hele Fochville en ook van ons gemeente dat dit voel of hulle maar altyd deel van ons was. Hulle is in een week albei oorlede weens Covid. Hulle begrafnis is op Maandag 3 Mei uit Losberg se kerk.

Hulle was jare lank ons opsigterspaar op Elandsfontein gewees.

Dirk was ook vir baie jare die leier-ouderling van Losberg gemeente wees terwyl Gerda die orrelis was.

Ons dink aan die familie en in besonder aan Gerrie en Susan Brits van ons gemeente. Dit is Susan se pa en ma.

Hulle was pragtige kinders van die Here en almal was lief vir hulle.



Nita Ehlers


Nita Ehlers van die Aftreeoord wyk 7 is op 5 April oorlede nadat sy baie lank aan en af siek was.

Nita was 87 jaar oud met haar afsterwe. Sy en Ben het albei in Krugersdorp distrik gootgeword en het daar skoolgegaan. Op die 2 de April was hulle 55 jaar getroud. Uit die huwelik is twee dogters gebore. Hulle een dogter Elize Olivier en haar man Johann woon ook in die Aftreeoord en is ook in ons gemeente. Ben was sy lewe lank aan die onderwys verbonde en Elize het onder andere by die Inkomste kantoor gewerk.

Iets wat Elize mooi beskryf is die feit dat sy op 67 jarige ouderdom 'n BA graad verwerf het soos op die foto gesien kan word.

Ons dink aan Ben Ehlers haar man en aan hulle familie en bid vir hulle vir die troos van die Here.

Sy is op 13 April uit ons kerk begrawe deur Ds. Pieter Theron.



Sebastiaan Jacobus Nieuwoudt

Jaco en Melanie Nieuwoudt het op Paassondag oggend (4 April) hulle eersteling, klein SJ in ons kerk gedoop. Hulle is in Rietfonteinwyk. Baie geluk vir die ouers met die groot dag in hulle en hulle seuntjie se lewe. Mag die Here julle ryklik seën om SJ vir die Here te kan grootmaak en mag hy vir julle net vreugde bring.



Pieter Johannes Christiaan Lamprecht



Adriaan en Vanessa Lamprecht het op Sondag 18 April hulle eersteling klein Johan gedoop. Adriaan is Pieter en Ronel Lamprecht se seun en Vanessa is Philip en Annelize Alexander se dogter. Hulle is ook diakenspaar in Uitbr. 1 wyk 8. Baie geluk aan julle en julle ouers. Mag die Here julle ryklik seën en mag Johan vir julle almal vreugde gee.

Elanie Elizabeth McGill

Awie en Esmarie McGill het op Sondag 18 April hulle eersteling, klein Elanie gedoop. Awie is Awie en Bertina McGill se seun en Esmarie is Tinus en Ester van Zyl se dogter. Hulle is ook diakenspaar in Wyk Suid 1. Baie geluk aan julle en julle ouers. Mag die Here julle ryklik seën en mag Elanie vir julle almal vreugde gee.



Ons KIX kuier elke Vrydag

Ons KIX kom elke Vrydagmiddag saam in die kerksaal of op die terrein. Vrydagmiddag is vir kinders die lekkerste middag van die week want dit is die begin van die naweek. Dit is so baie belangrik om so 'n lekker middag in die Naam van die Here saam met jou Christenmaats deur te bring en iets te leer. Daar word groot moeite gedoen om dit vir ons kinders 'n vreugde te maak. Baie dankie vir die baie ouers wat julle kinders aanmoedig om KIX toe te gaan en moeite doen om hulle daar te kry. Ons waardeer julle. Liefde, Die Leidsters.



Ons EPIX woel



Die EPIX het 'n mooi kwartaal op 'n hoogtepunt afgesluit toe hulle gaan sterrekyk het en piekniek gehou het op Losberg. Dit gaan goed met ons EPIX en as ons sien hoe baie jongmense Vrydagaande daar is dan moet daar iets gebeur wat vir hulle saakmaak in die lewe.